

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 91**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# NUWEJAAR . . . 1972

Die jaarwisseling tel nie vir almal eweveel nie. Vir sommige is dit nog 'n nuttelose jaar wat verby is. Vir andere nog 'n vervelende nuwejaar wat aangebreek het.

Wat ú hiervan dink, weet ek nie.

Miskien wil u saam met my híéror dink.

Albei van ons se lewens word in 1972 en in die toekoms bedreig.

## **U lewe bedreig**

Die teenswoordige lewe het 'n beskermer dringend nodig.

Want is die lewe al ooit so bedreig en vermink as nou? Seker nog nooit vantevore soos nou nie.

En midde in hierdie poel van wêreldbedreigings swem 'n klein lewe rond. U lewe.

En midde in hierdie wêreldbedreigings is ook van oneindig belang: U huis, u vrou en kinders, u vriend of vriendin.

Hierin is ook van belang: U eie innerlike lewe, u eie gevoelens, u eie lewensgeluk.

En dit alles word gevaarlik bedreig.

Dit wat vir u die lewe die moeite werd maak, dit waarsonder u nie kan leef nie, word bedreig. En as u dit nie meer het nie, dan is die lewe vir u niks meer as 'n leë dop nie.

Ag, waar is 'n lewe wat nie bedreig en geskend word in 'n geskonde wêreld nie?

Wie gaan nog onaangetas deur hierdie wêreld?

Wie sug nie?

Wie voel nie bedreig nie?

En . . . wie het 'n beskermer in 1972 en die jare daarna?

## **Beskermer en beskerming**

Weet u wat het die teenswoordige lewe broodnodig?

'n Beskermer en beskerming. Hierom roep ons almal, ja, elkeen van ons. U sou geen uitsondering wees nie, maar volkome inpas in die reël.

Waaragter of by wie kan u uself, u kinders, u beminde vrou, u allerbeste vriend/in in die nuwe jaar beskerm en beskut in só 'n onveilige wêreld? En as u nie 'n beskermer en beskerming vir uself soek nie, dan tog ten minste vir u kinders en ander dierbares. Vir u baba wat in hierdie moderne wêreld bedreig word. Vir u onskuldige dogter wat nog laggend hierdie bese wêreld instap. Vir u mooi seun wat nog vir so baie verwoestende indrukke vatbaar is.

Waar en by wie vind u vir hulle dan enige beskutting en beskerming?

Het u 'n antwoord?

## **'n Antwoord**

Het u geen antwoord nie? Hoort u ook maar by hulle wat besig is om op 'n dreigende vulkaan hulle laaste lewensdans te dans?

Sou hierdie wêreld u antwoord wees? U voldoende beskerming na liggaam en siel kan bied,

in u lewe, in u sterwe, vir nou en in die ewigheid?

Kan u geld dit gee?

Wat van u opbloeiende besigheid, u groot assuransie, u lewenswysheid, u skrandtheid, u krag, moed en deursettingsvermoë?

Kan u u kind ten volle en altyd beskerm teen siekte, gevare, rampe, die dood?

Wat is U antwoord?

### **'n Antwoord vir die toekoms!**

Laat ons die aftog blaas om beskerming in die toekoms by onself, by iemand anders of iets anders as Gód te soek. Buiten Hóm is alles maar wensdenkery en lugkastele.

Om Christus ontwil wil God ook vir jou op jou pad vorentoe 'n Beskermer en 'n Bewaarder wees. Hy wil dit ook wees vir diegene wat jy die liefste het. Glo in Hom en daar is vir jou veiligheid te midde van die allergrootste bedreigings. Glo in Hom en die toekoms word vir jou tot 'n helderverligte geloofspad tussen die donker dwaalweë van hierdie wêreld. Glo in Hom en jy sal jaar-in en jaar-uit voorgedra word na die ewige beskerming van die hemelse Vaderhuis. God is u antwoord vir die toekoms.

**P. du Plessis.**

### ***GODS WOORD...***

*Heer, U is my deel op aarde, en u woord is my die skat wat U aan my toebetrou het op die lange pelgrimspad.*

*Heer, u woord is onbeweeglik, en u waarheid het geen end ....*

*Heer, u woord is my 'n fakkel wat sy ligglans voor my dra, voor my voet die duisternisse van my lewenspad verja.*

*Stel u woord my tot 'n steunsel, dat 'k kan lewe en nie loop tot my eie spot en skande, na 'n ongewisse hoop.*

*As ek wandel in benoudheid en in diepe angs geraák, is u woord die een en alles waar my hart hom in vermaak.*

*Diep nog is die stille nagte, as ek niemand wakker hoor, bring ek my u woord te binne en bepeins dit oor en oor.*

(Aangehaal uit Ps. 119 berym)

# Die ontmoeting met God deur sy Woord

Elke Sondagoggend as jy in jou kort broek heerlik ontspanne op jou stoep jou koerant sit en lees, sien jy hulle netjies aangetrek verby stap. Dit is mos daardie mense wat kerk toe gaan. Wat gaan hulle daar maak? Vra hulle 'n bietjie. Hulle sal aan jou sê dat hulle kerk toe gaan om God te ontmoet.

Hulle gaan luister na wat God aan hulle wil sê. En hulle gaan God deur sy Woord ontmoet. Wat is hierdie Woord dan waarna hulle gaan luister?

Dit is die blye boodskap van verlossing in Christus Jesus. Dit is die Evangelie van genade. Maar hierdie Woord waarna hulle gaan luister, is nie net 'n Woord van genade en verlossing nie. Dit is ook 'n Woord van oordeel. Vir hulle wat na hierdie Woord wil luister, is dit 'n Woord van genade en barmhartigheid. Maar vir hulle wat nie wil luister nie, is hierdie Woord 'n boodskap van oordeel, van helse angste en van smarte.

Christus sal weer kom. En wanneer Hy kom, sal Hy ook aan jou vra waar jy was toe sy Woord verkondig is. Jou leë plek in die kerk sal teen jou getuig. Maar ook hulle wat Sondag vir Sondag voor jou deur verbyloop, sal as getuies teen jou geroep word.

As jy nie vandag na die Woord van die Here wil luister nie, moet jy ook nie verwag dat die Here na jou sal luister wanneer jy eendag daar by die sterfbed van jou kind of daar by die oop graf van jou vrou of iemand anders naby aan jou staan nie. God is nie 'n noodsgod wat maar net in tyd van nood aangeroep kan word nie. Sy Woord word verkondig vir jou om daarna te luister, en Hy wil hê dat jy elke dag na Hom moet luister en dat jy elke dag na sy Woord moet luister.

Hoe ontmoet jy God dan deur sy Woord?

Kom ons blaai daar deur en kyk wat sê die Woord self. Hier heel aan die begin, staan dat God die Skepper is van alles, ook van jou. Hier is die Nuwe Testament en hier word vertel van Jesus Christus, die Koning van die konings wat Homself so verneder het om die gestalte van 'n mens aan te neem. Sien jy hoe lief het God vir jou gehad dat Hy sy Eniggebore Seun gestuur het om vir jou sondes aan 'n kruishout te gaan hang! Kyk net na die genade en liefde. Sal jy bereid wees om ter wille van 'n ander mens aan 'n kruishout te gaan hang?

God wil met jou praat en Hy wil met jou deur sy Woord praat. Hy wil met jou persoonlik praat. Hy wil aan jou vertel dat jy Hom in die dieptes van jou smart en ellende in sy Woord kan ontmoet, maar Hy wil ook aan jou vertel dat Hy by jou is op die berghoogtes van jou vreugde en blydschap. Lees maar Psalm 121 en kyk hoe die Here elke dag saam met jou stap op jou lewensweg.

Gaan jy na die Woord van God luister?

Wat gaan jy doen?

**T. J. J. Kruger.**

## **DAAR IS GEEN LAND...**

*Daar is geen land sover of woës geleë,  
geen strand, o Heer, of wilde waterweë,  
geen hemelsfeer in die oneindigheid —  
of orals blink u Naam en majesteit.*

*As ek, o Heer, u nagtelike hemel  
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan  
met stille gang oor sterrevelde gaan —*

*wat is die mens dan dat U hom gedenk het,  
die mensekind wat U so ryk beskenk het!  
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,  
skaars minder as die eng'le om u troon.*

**Psalm 8 : 1, 3, 4.**

# Die ontmoeting met God in die dood

Is dit vir u ook moeilik .... die gedagte dat ons lewe eindig en dat ons doodgaan? Dit is nie aangenaam om gedagtes en gevoelens daarvoor werklik in ons lewe toe te laat nie. Die dood is so 'n vreemde mag! Soos iemand eenmaal geskryf het: "Eenmaal sal ek nie meer daar wees nie; ek sal soos 'n fout op 'n skoolbord uitgevee word. Hierdie gedagte maak my woedend en bedroef. Ja, ons mense het 'n groot angs vir die dood. Al skyn dit soms asof ons voortdurend besig is om die dood uit te daag in die waansinnige padverkeer, in kernontploffinge, in die beheersing van die ruimtes ens. Maar tegelyk moet ons ook sê, dat ons besig is om die dood te verdring en te ontvlug. Ons duik soos besetenes in die werk, sodat ons vir niks en niemand meer tyd het nie; ons vlug vir die alleen-wees en ons vul die leegtes met musiek en lawaai. Ons advertensies praat ons die noodsaak van 'n ewige jonk te moet wees aan. Ons het magtig geword om die dood op te skort deur die fantastiese ontwikkelinge van die geneeskunde, deur die verbete stryd van dokters teen sy sluipende aanvalle. Die lewe moet ten alle koste gerek word . . .

Angs vir die dood . . . Waarom sou dit wees?

Omdat wie sterf die onbekende, die duisternis moet ingaan . . . verban uit die land van die lewe?

Omdat die dood só teennatuurlik, só 'n vyand van die lewe is?

Omdat ons, mense van nou, eintlik dit afgeleer het om met die sterwe — om dit so te sê — te lewe?

Ja, dit sal seker só wees.

Maar sou dit nie ook kan wees dat ons diep in ons hart vermoed dat die dood ons voor God sal bring... en dat ons skuldig is ... en dat ons geen antwoord sal kan gee nie ... en dat daar niemand sal wees om dit vir ons op te neem nie? In die dood die ontmoeting met God! En daarom die heimlike vrees ... want wat sal dan bedek wees? Soos Moses eenmaal gebid het: "U stel ons ongeregtighede voor U, ons verborge sondes in die lig van u aangesig. Ons vergaan deur u toorn ...".

Natuurlik, daar is baie mense wat nie hierdie besef ken nie. Nie in hulle lewe nie ... Maar in hulle dood? Ja, dan is dit seker die smartlike ontugtering van die rykman wat sy oë in die doderyk opslaan, waarvan Jesus vertel het. (Luk. 16).

Maar só hoef dit nie te gaan nie... hierdie ontmoeting met God in die dood. As ons Hom maar in die lewe leer ken het ... en gehoorsaam het! Luister maar na Ps. 39. Eers klink daar: "Here, maak my einde aan my bekend en wat die maat van my dae is; laat my weet hoe verganklik ek is. Kyk, U het my dae 'n paar handbreedtes gemaak . . .". Maar dan: "En nou, wat verwag ek, o Here? My hoop is op U". Dit is evangelie . . . blydskap! Want as daar nou een ding is wat alle angs, alle skuld en skuldgevoel wegneem, dan is dit immers dit: dat God sy eie Seun die angs en die nood van die skuld en die dood laat deurly het, Jesus Christus, sodat ons getroos en bevry sou kan sterwe. En kan lewe. Want in die geloof ontspruit 'n groot geheim: dat ons hoop en verwagting kry. Hoop, dat dit goed is tussen die Here en ons. Hoop en verwagting, dat die lewende Here ook daar, aan die ander kant, met ons en vir ons is.

**F. Denkema.**

## **AAN 'N HELDER TRANS**

*Vertrou op God: die hart en hand  
in troue diens aan Hom verpand.  
Verlustig Jou in Hom altyd  
wat mildelik gee en nooit verwyf.*

*Laat yd'le sorg jou nimmer kwel,  
wil aan die Heer jou sorg vertel:  
Hy sal jou reg soos middagglans  
laat skitter aan 'n helder trans.*

*Let op die vrome wat opreg  
met God verkeer in woord en weg;  
merk op die man wat God hier vrees:  
sy lewenseind sal vrede wees.*

— **Psalm 37:2, 3, 23.**

# GLO JY DIT ?

Die dood sal kom.

Is elke grys haar nie 'n ope briefie van die graf nie?

Jou liggaam weggelê in 'n diep, donker gat waar daar geen enkel gleufie lig in skyn nie.

'n Hopie vars rooi grond, tussen ander hopies.

'n Steen van koue graniet.

Dis al wat daar van jou aardse lewe oorbly. Die wêreld sal dit nie merk nie.

Die lewe sal sy blinde gang verder voorts kry.

Die reën sal weer en weer sy ruisende swerf-lied by die venster sing.

Die goue son sal hom bly spieël in elke waterplas.

Die wit en geel en rooi blommetjies sal elke lente oopgaan en met vrolike gesiggies kyk hoe die hemel en die wêreld lyk.

En verwelk.

Ander mense sal kom en na hierdie dinge kyk en luister.

Soos jy dit nou doen.

Maar jy sal daar niks van weet nie.

Hoe lank, o God, hoe lank?

Geslagte sal kom en gaan.

Maar eendag sal die hemel skeur en opgerol word soos 'n doek.

Dan sal Jesus uit die hemel kom.

Rondom Hom sy leërskaie blink, wit

engele. Die aartsengel sal sy basuin lank en helder blaas.

Die aarde sal onder die groot geroep van mense en engele skeur.

Berge sal wyk, oseane sal verdwyn.

Grafte en grafte en grafte sal oopgaan.

Mense, miljoene mense, lankal dood en vergete, sal opstaan.

Sommige met verheerlikte liggames.

Ander afgrysig, gereed vir die ewige verderf.

Wie aan Jesus behoort, sal helder en suiwer en ewig-jonk die heerlikheid ingaan.

"Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe . . .

Glo jy dit?"

"Ek glo Here . . . Kom my ongeloof te hulp".

**P.W.B.**

# Ontmoet God in die natuur

Kyk jy nog na 'n voël in vlug, 'n blom wat wieg in die wind, 'n wolk teen die blou van die lug? Luister jy nog na donderslae wat volg op die blink van 'n blits na die suisende stilte van die veld?

Ken jy al hierdie dinge? Of het dit al vir jou vreemd geword, omdat jy vasgedruk sit in die stad, of omdat jy hard geword het vir die alledaagsheid van die natuur?

Kom saam met my in jou verbeelding, dat ons na die natuur kan gaan kyk, want daar ontmoet jy God die Here, wat dit geskape het.

Ek en jy stap buite in die veld. Rondom ons ritsel die grassade in hul somer-rypheid. 'n Ligte wind roer die saadsteele in 'n rustige ritme. Ons voel die son op ons brand. Ons ruik die geur van klam grond. Iewers roep 'n voël sy maat.

Kom sit hier langs my op die klip, dat ons kan gesels, of liever, dat die natuur met ons kan gesels. Buk saam met my vooroor en kyk na 'n mier wat worstel met 'n droë grassie. Sien jy ook die by wat daardie klein blommetjie besoek? Kyk, daar vlieg 'n duif met vinnige vlerkgeklap. En hoër op kan ek 'n reier sien wat rustig sweef teen die blou van die lug.

As jy al hierdie dinge so sien, kan jy nog saam met hulle stem dat dit alles self ontstaan het? Daardie mense praat van 'n enkele lewende sel wat gegroei het en self ontwikkel het tot hierdie grote verskeidenheid wat ons hier in die veld kan sien.

Maar dit kan tog nie wees nie. Neem nou maar 'n mossie as voorbeeld. Hoe sou hy kon vlieg sonder vlerke, sonder die wonderbaarlike lugsakkies in sy liggaam wat hom ligter maak, sonder sy besondere asemhalingswyse waar hy, anders as die landdiere, suurstof inneem terwyl hy inasem en uitasem? Al hierdie dinge, sy vlerke, besondere bou, uitsonderlike asemhalingswyse, ja, alles het hy nodig om te kan vlieg. Trek net 'n paar vlerkveertjies uit, dan kan die mossie nie meer vlieg nie.

En as ons nader aan die water was, dan kon ek jou ook die visse gewys het. 'n Vis moet onder water suurstof kan opneem, anders sal hy daar nie kan leef nie. Hy kon nie self geleer het om suurstof uit water te neem nie. Niemand of niks kon hom geleer het om dit te doen nie. Hy moes sy besondere samestelling van vinne, skubbe en asemhalingswyse gehad het om te kan leef onder die water.

So is die gras anders as die bome, en die bome anders as die insekte, die insekte anders as die landdiere, en die landdiere anders as die visse, en die visse anders as die mense. Elkeen bestaan in sy soort. En binne sy soort kry ons ook nog die geweldige groot verskeidenheid.

Iemand moes hierdie dinge gemaak het soos dit is. Die skoonheid van 'n blom jubel dit uit. Die wolke, swaar van reën, verkondig dit. Die sterre, flikkerend in hul glorie, vertel dit. Daar is geen direkte stem wat in pragtige woorde dit vertel nie, maar as jy fyn luister, sal jy dit hoor; as jy soek sal jy dit vind.

Ja, selfs die groot wetenskaplikes moes al erken dat hulle in hul soektog na die oorsprong van al hierdie dinge uitgekom het by die groot onbekende faktor wat hulle nie kan bepaal nie.

Maar sal ek jou vertel waar jy die antwoord kan vind? Kom ons stap huis toe. En daar sal ek jou op die eerste bladsy van 'n Boek die antwoord wys:

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape". (Gen. 1:1).

**E. F. J. Snyman.**

## ***LUISTER EN LEWE***

Maar selfs nou nog, spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweene en rouklaag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil; wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat?(Joël 2:12-14).

# Ontmoet God op straat

Het u die Here al ooit 'n handdruk gegee?

Het u Hom al ooit 'n glas water aangebied?

Nee, sal u seker sê, dit het ek nog nooit gedoen nie. Maar hoe kan ek ook? God is mos in die hemel en ons op die aarde. Dit is tog baie ver van mekaar af! Buitendien het ek God nog nooit met my eie oë gesien nie. Hoe kan ek Hom 'n handdruk of 'n glas water gee?

U is reg, en tog ook verkeerd. Reg, omdat God inderdaad in die hemel woon en ons op die aarde. Ons kan God ook nie met ons oë sien nie. En tog is u verkeerd wanneer u meen dat dit onmoontlik is om God op straat te ontmoet.

## **Het u dit nie geweet nie?**

Die Here Jesus het in sy profetiese rede ons vertel dat daar op die oordeelsdag die verwyte gehoor sal word dat Hy honger en dors was en dat daar baie mense was wat Hom niks aangebied het nie. Hy sal hulle daarvan beskuldig dat hulle Hom nooit besoek het toe Hy in die gevangenis was en siek. Dan sal daardie mense sê: Here, maar ons het U nooit honger of dors gesien nie, en ons het nie geweet dat U siek en in die gevangenis was nie!

Weet u wat die Here Jesus dan sal sê? "Voorwaar, Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie" (Matt. 25:31-46).

Die Here Jesus leer ons dus dat dit tog moontlik is, maar dan moet ons die lewe anders bekyk. Ons is so lief vir onself, nie waar nie? Ons kyk so graag net na onself. Ons is in ons eie oë soms klein godjies.

Liefde, ware liefde, leer 'n mens om ook weg te kyk van jouself. Die liefde wat die Here in ons harte lê, toon ons hoe die lewe werklik in mekaar steek. Deur die geloof kyk 'n mens deurdringender na die werklikheid as wat gewoonweg die geval is. Dan besef ons wie ons werklik is, en wie ons naaste werklik is.

Die Here Jesus wil ons oë daarvoor open dat 'n mens ook liefde aan Hom kan en moet betoon deur goed te doen aan 'n doodeenvoudige, arme mens wat jy teëkom op jou lewensweg.

## **Wie staan agter u naaste?**

Dink nou weer 'n bietjie oor mense wat u ken en van wie u weet. Kyk na hulle met 'n geloofsoog, dink aan hulle met liefde. Weet u wat dan sal gebeur? Dan sal u God ontmoet in baie mense rondom u!

Hoe lank is u buurman al siek sonder dat u hom besoek het?

Hoe dikwels stap u saans verby die eensame oom op die stoep om 'n koerant te gaan koop, sonder om ooit 'n geselsie aan te knoop?

Die weduwee met haar klein kindertjies wat op die hoek woon — wanneer het u laas gaan



kyk hoe dit gaan?

Die nuwe intrekkers in die woonstel langs u — het u al gaan kennis maak?

Weet u darem iets meer van u kollega as net sy naam en adres? Behoort hy ook aan 'n kerk, en doen hy iets vir die kerk?

Die wêreld is vol soekende mense en hunkerende mense, mense wat smag na liefde, na meelewing en belangstelling. En agter hulle staan God, God wat ook liefde vra.

God staan agter al sy kinders, of hulle nou al verneme en invloedryke mense is of stil en eenvoudig, of hulle ryk is of arm. En wanneer u aan selfs die eenvoudigste kind van die Here goed doen, doen u dit aan Hom!

### **God is ook 'n vader**

Klink dit vir u vreemd? U wat self 'n ouer is, behoort dit te verstaan. Wanneer u kind mishandel word, onregverdig teen hom opgetree word, voel dit nie vir u of dit aan uself gedoen word nie? En wanneer u kind mooi gehelp word, is u nie ook self dankbaar nie? Elke ouer trek hom die lot van sy kind aan, of dit nou al 'n slim of 'n dom kind is.

Soveel te meer raak dit God wat aan sy kinders gedoen word. "Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die Here; en Hy sal hom sy weldaad vergelde", staan daar in Spreuke 19:17.

Wanneer u weer iemand 'n handdruk gee van bemoediging, dink aan die Here!

Wanneer u aan 'n klein kindjie 'n glas water gee, dink aan die Here!

Voorwaar, Ek sê vir julle, sê Jesus Christus, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen". (Matt. 25:40).

**Arnold Mulder.**

### **'N ERNSTIGE WAARSKUWING**

Maak jou klaar om jou God te ontmoet.

— Amos 4:12.